'n Uitsonderlike belewenis

Die reuse van Camp Jabulani is baie spesiaal. | FOTO'S: CORLET GROBLER

Lente Roode – die matriarg van omgee – het nie 'n paar hase uit 'n hoed getrek nie, maar beslis 'n paar olifante, skryf Corlet Grobler. Die storie wat sy vandag met lesers wil deel is hartroerend en amper onwerklik, maar het 'n uiters gelukkige verloop.

Vandag is ekstra spesiaal. Ek lê besoek af by Camp Jabulani, geleë in die Kapama- private wildreservaat net buite Hoedspruit.

Lente Roode, die stigter van die reservaat, is sedert my kinderdae my rolmodel omdat sy – nes ek – die liefde vir die natuur, asook sy bedreigde dierspesies op die hart dra.

Camp Jabulani is genoem na 'n olifantkalfie wat sy in 1997 in die reservaat gevind het. Jabulani het in die modder vasgesit en sy trop het hom agtergelaat.

Hy was erg gedehidreer en swak en Lente het hom van 'n gewisse dood gered. Jabulani is vervoer na die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies (Hesc). Dié sentrum was ook deel van Lente se droom om beseerde en bedreigde spesies weer op die been te kry.

Haar bekwame span en Skaap, die surrogaat-skaapma, het die kalfie 'n jaar lank behandel en weer nuwe hoop op lewe gegee. Hulle het hom Jabulani gedoop, wat beteken "om te juig". Om Jabulani in die natuur vry te laat was onsuksesvol omdat hy die Hesc-span as sy "trop" beskou het en die wilde olifante was nie baie verwelkomend teenoor hom nie.

Hoe nou gemaak met 'n groeiende olifant? Die noodlot het in Maart 2002 ingegryp in die vorm van 12 olifante van Zimbabwe. Die olifante was in lewensgevaar nadat oorlogsveteране die plaas waarop hulle gebly het, beset het. Lente het 'n plan van aksie ingestel om die grotes te red. Binne 'n paar weke was die trokke op pad na Zimbabwe om die olifante en hul hanteerders te gaan haal.

Kort voor lank was dit tyd om Jabulani aan die trop voor te stel en tot almal se verbasing het Tokwe, die matriarg van die trop, hom aangeneem.

Só het Camp Jabulani ontstaan en besoekers aan dié lodge deel in sy hartroerende verhaal. Besoekers van oor die wêreld heen kry die geleentheid om hierdie manjifieke olifant, asook die res van sy trop te leer ken en 'n onvergeetlike interaksie te ervaar.

Vandag is Jabulani 'n 15 jaar oue olifantbul en een van die olifante wat olifantritte vanaf Camp Jabulani aanbied. Die trop is vandag onafskeidbaar en elkeen het sy plek in hierdie unieke trop.

Nicolette, een van die werknemers, ontmoet my en my ma, Ansie, by die ingang en ons volg haar na die lodge. Ons word vriendelik verwelkom deur die bestuurspaar, Elsie en Carl. Hier is eersteklas-verblyf, -etes en persoonlike diens aan die orde van die dag. Die lodge is gebou op die oewer van 'n seisoenale rivier. Die oopplan-eetkamer en -sitkamer loop uit op 'n houtdek in die skadu van reuse-hardekoolbome (*Combretum imberbe*).

Die olifante se manewales sorg vir groot pret.

Die lodge is om die bome gebou en kyk uit oor 'n watergat waar diere gereeld hul dors kom les. Die hoofgebou is stylvol gemeubileer en die ruimte bied met die intrapslag kalmte en gemoedsrus. Die lodge is geskik vir 'n koning en koningin, maar laat gewone mense soos ek en my moeder tuis en gemaklik voel.

Riekie, die masseuse, vergesel ons na ons suite. By die ingang neem ons 'n kort bospaadjie oor 'n indrukwekkende hangbrug van hout wat die leefareas met die suites verbind.

Die ses suites is al langs die rivieroewer versteek en die unieke ligging laat mens dadelik privaat en deel voel van die ongerepte natuur.

Ons skuif die groot houtdeure oop en stap in. Die ruim suite het 'n unieke Afrika-gevoel en -dekor en groot glasvensters en -deure sorg vir 'n onbelemmerde uitsig op die omringende bos.

Jy het jou eie private plonspoel op die houtdek om in af te koel en in die suite se sitkamer bied die kaggel 'n warm plekkie vir koeler aande.

'n Buite-stort wat met glas omring is, 'n kluis, lugversorging, mini-kroeg en nog vele ander luukshede maak elke besoek 'n onvergeetlike ervaring.

Middagete word by die hoofgebou bedien en die sjef, Chere, se skeppings is voorwaar iets om oor huis >>

Geniet 'n borrelbad terwyl jy uitkyk oor die omringende bos.

Die perfekte einde aan 'n perfekte dag.

<< Dit is besonders mooi en uiters groot. Enige olifant sal hiérdie vyfster-olifantverblyf waardeer.

Terug by die lodge staan die tafel reeds stylvol gedek. Dan word die heerlikste driegangmaaltyd bedien. Later word dit tyd om te gaan inkruip. Ek raak nie dadelik aan die slaap nie, want die dag se gebeure flits deur my gedagtes.

'n Bosveldfisant heet vroegoggend die nuwe dag welkom en nog 'n dag propvol opwindende aktiwiteite lê vir ons voor. Ná 'n heerlike ontbyt besoek ons die Hesc, wat ook in die Kapama-reservaat geleë is. (Lees meer hieroor in 'n volgende uitgawe van *Rondrits*.)

Vanaf die sentrum vertrek ons saam met Reyneke en Riaan na die olifante om hul manewales in die water waar te neem. Op pad daarheen gewaar ons drie leeuwyfies en 'n fris mannetjie met woeste maanhare. Nadat ek 'n foto of twintig geneem het, ry ons verder.

Nou vermaak die olifanttrop van Camp Jabulani ons. Ons stop langs 'n watergat waarin die olifante vanmiddag baljaar. Jonk en oud is óf in die water óf besig om langs die watergat hul logge lywe teen boomstompe te skuur.

Die kalfies speel met mekaar en mens sien net water spat soos hulle baljaar. Jonk en oud, almal geniet hierdie daaglikse uitstappie na die watergat.

Tyd vir middagete en ek eet myself trommeldik. Ek voel skuldig, want dit is weer tyd vir 'n middag-olifantrit en ek is beslis 'n kilogram of twee swaarder! Moeder kry vanmiddag die geleentheid om op Jabulani te ry.

Ná Jabulani kom 'n groot olifantbul, Somapani, aangestap en my hart klop sommer vinniger. Hy is 'n XXXL in menseterme en groter as Jabulani, maar toe ek eers op sy rug is en Blessmore, die hanteerder, saggies vir hom vra om aan te stap, voel ek sommer weer op my gemak.

Olifantry is amper soos perdry. Dis net met die afklimslag dat mens besef jou bene moet wyer oor die olifant se rug rek en dat jou bene so 'n bietjie stywer is as wat dit in die geval van perdry is.

Dan is dit tyd om die olifante finaal te groet. Hulle buig voor ons en blaas deur hul slurpe om totsiens te sê. Voorwaar 'n onvergeetlike ervaring wat my lewenslank sal bybly.

Met 'n skemerkelkie en 'n stukkie droëwors in die hand staar ek die Bosveld in terwyl die olifante in die verte verdwyn. Die son sak in die weste en groet 'n perfekte dag in Afrika vaarwel.

Die bos, die diere en elke stukkie van Kapama en sy Camp Jabulani met vriendelike olifante en mense het vandag 'n spesiale plek in my hart gekry – beslis iets wat ek ewig sal koester.

Camp Jabulani
☎ *012 460 7348 of 012 460 5605*
www.campjabulani.com
reservations@campjabulani.com

Corlet Grobler het Camp Jabulani op uitnodiging besoek.

Warm Aanbod
Camp Jabulani bied 'n spesiale tarief aan Rondrits-lesers. Bly drie nagte in Camp Jabulani en kry 50% afslag op die derde nag.